
# 119 Gaan my nie verby o Heiland







Voor u troon gekniel, o Heiland, bid ek in geloof;
hoor my sugte en gebede, ondanks swak geloof!

***R.*** *Jesus, Heiland, wees my nou naby; wyl U ander seën, Heiland,*
*seën nou ook my!*

Op u soenbloed pleit ek, Heiland, wees my hulp en steun!
Wees my Voorspraak en my Midd’laar, hoor my, o, Gods Seun! ***R.***

U skenk lig en vreugde, Heiland, U, my troos geheel;
in die hemel en op aarde, bly U steeds my deel! ***R.***

Frances J. van Alstyne (1820-1915) W.H. Doane (1832-1916)